Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Navrae**
Dr Elbie Adendorff
021 808 2168
elbie@sun.ac.za

# Departement Afrikaans en Nederlands

# Afrikaanse Taalaanleer 179
## Afrikaans vir Vreemdetaalsprekers

Hierdie module is vir studente wat geen opleiding in Afrikaans het nie óf wat Afrikaans as Tweede Addisionele Taal geneem het. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans óf studente wat Afrikaans as Huistaal geneem het, mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel:

- Elementêre interaksie rondom 'n verhaalteks en tematies-verwante tekste (algemeen en literêr).
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie.
- Relevante taalstudie en woordeskatuitbreiding.

### Opmerkings

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in ATA 179 of ATA 189 word gemaak op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en die Verlengde Graadprogram vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 óf ATA 179 of 189 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Kyk departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

### Metode van assessering

'n Stelsel van buigsame assessering word in ATA 179 gebruik. Die prestasiepunt word saamgestel uit alle toetse, werkstukke en opdragte wat gedurende die jaar voltooi is. Studente skryf nie aan die einde van die jaar eksamen nie, maar wel vier verpligte toetse deur die loop van die jaar. 'n Mondelinge eksamen word aan die einde van elke semester afgelê. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering.